



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VERBRUIKERSTUDIES (PRODUKSIE VAN KLEDING EN SAGTE MEUBLEMENT)

RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

2013

INLIGTING VIR ONDERWYSERS

Hierdie riglyne bestaan uit 10 bladsye.

DIE PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK VIR VERBRUIKERSTUDIES KLEDING- EN-SAGTE MEUBLEMENT-OPSIE

1. OORSIG

- Tydens die Praktiese Assesseringstaak moet die leerder sy/haar **kennis en praktiese vaardighede** om kleding- of sagte meublement-items wat vir verkoop geskik is, demonstreer.
- Leerders doen hierdie PAT individueel, maar twee leerders kan een naaimasjien deel. Die getal leerders wat terselfdertyd die PAT doen, hang dus af van die getal WERKENDE naaimasjiene beskikbaar.
- Die Praktiese Assesseringstaak vir graad 12 bestaan uit:
 - 'n Uitlê-en-sny-sessie (deel van praktiese eksamen 1) in Kwartaal 2: 1 uur
 - 'n Praktiese eksamen (Praktiese eksamen 1) in Kwartaal 2: 3 uur
 - 'n Praktiese eksamen (Praktiese eksamen 2) in Kwartaal 3: 3 uur
- Gedurende hierdie drie sessies ('n totaal van 7 uur) moet die leerder een item voltooi.
- Al drie sessies moet onder streng eksamentoestande plaasvind, onder toesig van die onderwyser.
- PRAKTIESE EKSAMEN 1 moet in die toets-/eksamenrooster vir die tweede kwartaal ingesluit word.
- Reël die datum vir PRAKTIESE EKSAMEN 2 saam die vakadviseur om by sy/haar rooster te pas.

2. PUNTETOEKENNING

- Elke TAAK bestaan uit 50 punte. Die punt vir die finale Praktiese Assesseringstaak (PAT) word soos volg verkry:

Praktiese eksamen 1: Kwartaal 2 (sluit punte vir uitlê en sny in)	50
Praktiese eksamen 2: Kwartaal 3	50
Totaal	100
Finale punt vir PAT	100

- Die punte vir die PAT is deel van die einde-van-die-jaar-assessering.
- Die provinsie sal twee aparte gerekenariseerde puntestate verskaf, een vir SGA en een vir die PAT.

3. VEREISTES VIR DIE PRAKTIESE EKSAMENS

Verbruikerstudies is 'n keusevak met twee praktiese opsies. Die skool het gekies om Verbruikerstudies as 'n vak aan te bied en het Produksie van Kleding of Sagte Meublement as 'n praktiese opsie gekies. Daarom is die toerusting en fondse benodig om die PAT uit te voer die verantwoordelikheid van die skool en ook so gespesifiseer in die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (CAPS). Die skool moet ook seker maak dat praktiese klasse gedurende die jaar plaasvind in voorbereiding op die PAT.

- Onderwysers het TWEE opsies wanneer die patroon gekies word:
 - Koop 'n kommersiële patroon vir 'n item wat in 7 uur voltooi kan word met die vaardighede wat die leerders bekom het gedurende die praktiese klasse vir SGA; OF
 - Gebruik dieselfde kommersiële patroon om die item wat die leerders vir SGA gemaak het, weer.
- Patroonstukke moet klein genoeg wees om op A3-papier te kopieer.
- 'n Geskikte vertrek met die nodige toerusting: naaimasjiene (hand/elektries), 'n strykyster, elektrisiteit en toerusting vir naaldwerk of die maak van die item.
- Deel die leerders in groepe van 'n maksimum van 12 leerders in volgens die getal werkende naaimasjiene beskikbaar. Twee leerders kan een naaimasjien deel. Vier-en-twintig leerders (twee groepe van 12 leerders) kan die eksamen op dieselfde dag doen (bv. van 08:00–11:00 of van 12:00–15:00).
- Die onderwyser sal tyd tussen die twee sessies nodig hê om die plek/lokaal vir die tweede groep voor te berei.
- Skole met 'n groot getal leerders sal meer as een dag nodig hê om hierdie eksamen te voltooi.

4. TYD VEREIS

- Drie uur is nodig vir elke PAT onder eksamentoestande (plus 1 uur vir nasien en moderering)
- Uittê en knip word vooraf gedoen in 'n een-uur-periode onder eksamentoestande.

5. OPSTEL VAN DIE EKSAMEN

Die volgende inligting moet gedurende die eerste week van die tweede kwartaal vir goedkeuring aan die vakadviseur voorgelê word:

- Die lys kledingstowwe, kleinware ('haberdashery'), ens. wat aangekoop moet word
- Die geraamde koste per leerder
- Die voltooide kontrolelys, deur die skoolhoof nagegaan en geteken
- 'n Fotokopie van die patroonkoevert/illustrasie van item
- 'n Kopie van die instruksieblad/-blaaie wat aan leerders gegee sal word
- 'n Puntestaat vir die item, ontwikkel deur die onderwyser (sien voorbeeld ingesluit). Die puntestaat is ook 'n aanduiding van die gewigswaarde van die tegnieke, aangesien die gewigswaarde en die punte ooreenkom.

6. VOORBEREIDING VIR DIE EKSAMEN

- Stel die datums vas. Kommunikeer hierdie datums aan die SBS van die skool, en maak seker dat die datums nie met ander skoolaktiwiteite bots nie. Dit moet ingesluit wees in die toets-/eksamenrooster van die skool.
- Ontwikkel 'n puntestaat vir die spesifieke patroon met gebruik van die ingeslote vaardigheidskode (gewigswaarde vir elke tegniek). 'n Voorbeeld van 'n puntestaat is ingesluit.
- Berei puntestate met die leerders se name en hulle eksamennommers voor.
- Kopieer 'n patroon en instruksieblad vir elke leerder. Die leerder moet van die instruksieblad af werk.
- Gee die patroon en instruksies aan die leerders TWEE weke voor die aanvang van die PAT, sodat hulle kan voorberei.

- Koop die kledingstof en kleinware ('haberdashery'). Sny die kledingstof volgens die korrekte grootte vir elke leerder. Maak 'n 'stelletjie' vir elke leerder op wat die volgende insluit:
 - Kledingstof volgens die korrekte groottes
 - Die patroon en instruksieblad
 - Die nodige kleinware ('haberdashery'), soos 'n rits
- Gaan na dat al die naaimasjiene werk. Reël vir herstelwerk.
- Deel leerders in groepe in volgens die getal werkende naaimasjiene beskikbaar. Twee leerders mag een naaimasjien deel. Hulle moet dieselfde kleur garing gebruik.
- Toets en bedraad al die naaimasjiene vooraf met die geskikte kleur garing.
- Berei die klaskamer voor en maak seker die volgende is beskikbaar:
 - Elektriese muurproppe en verlengkoope vir ALLE stryksters en naaimasjiene
 - Stryksters en strykplanke
 - Groot tafels vir die uitlê en sny van items
 - Genoeg klein toerusting, soos skêre, naalde, lostorringmessies, garing, spoelietjies, ekstra masjiennaalde. Skêre moet skerp wees.

7. UITVOER VAN DIE EKSAMEN

7.1 Die uitsnyssessie: 1 uur

- Deel elke leerder se stelletjie uit, insluitende die kledingstof, patrooninstruksieblad en kleinware ('haberdashery'), soos die ritssluiters.
- Die onderwyser(es) mag NIE enige leerder gedurende die uitlêssessie help nie. Gedurende die snysessie ken die onderwyser punte toe. Leerders mag dit verbeter/regmaak of 'n nuwe deel sny na die snysessie verby is en punte toegeken is, maar dit sal NIE weer nagesien word NIE. Die onderwyser bewaar dit op 'n veilige plek tot die dag van EKSAMEN 1.

7.2 EKSAMEN 1 in Kwartaal 2: 3 uur

- Wanneer die leerders die klaskamer binnekom, oorhandig hulle stelletjies met die uitgesnyde items en ekstra stukkies materiaal (om die naaimasjiene te toets as hulle wou).
- Genoeg skêre, naalde en spelde moet beskikbaar wees.
- Die naaimasjiene moet by die tafels gereed wees.
- Individuele leerders, onder toesig van die onderwyser, voer hierdie eksamen uit.
- Die onderwyser moet EKSAMEN 1 nasien en die punte vaslê. Die leerder kan dit dan terugkry om foute reg te maak, verbeteringe aan te bring en om die artikel klaar te maak tot by die fase waar EKSAMEN 2 begin. Die item sal NIE weer nagesien word nadat die foute reggemaak is NIE. Na die regstellings sal die item teruggaan na die stelletjie om deur die onderwyser op 'n veilige plek bewaar te word tot die dag van EKSAMEN 2.

7.3 EKSAMEN 2 in Kwartaal 3: 3 uur

Wanneer die leerders die klaskamer binnegaan, ontvang hulle weereens hulle stelletjies om die item te voltooi. Voorbereiding van die klaskamer en ander reëls is dieselfde as vir EKSAMEN 1.

8. EVALUERING

Die onderwyser en moderator het 60 minute om die finale produkte te evalueer, die leerders se werkstasies te inspekteer en om die puntestate te voltooi. Die leerders moet nie uit die vertrek gaan voordat die evaluering en inspeksie nie voltooi is nie, aangesien hulle hulle werkstasies moet netjies maak sodat die onderwyser die werkstasies kan inspekteer vir die toeken van punte.

9. MODERERING VAN DIE PRAKTIESE EKSAMEN

- Tydens Kwartaal 3 sal die laaste groep van 'n maksimum van 12 leerders by die skool deur die betrokke vakadviseur ekstern gemodereer word terwyl hulle die praktiese eksamen uitvoer. Op die dag van die eksamen sal die punte van die res van die leerders (wat reeds die eksamen moes voltooi het) vir die moderator beskikbaar wees. Die punte van al die leerders moet gefinaliseer wees en deur die vakadviseur en die skoolhoof op die dag van die eksamen geteken wees. Die gerekenariseerde puntetaal moet op die dag van moderering voltooi word.
- Die onderwyser moet die volgende vir die moderator beskikbaar hê op die dag van moderering:
 - Al die items wat leerders tydens praktiese klasse vir SGA gemaak het (as dit nie gedurende SGA-moderering gemodereer is nie)
 - Die voltooide items van al die leerders wat alreeds die eksamen voltooi het
 - Al die items van die leerders wat alreeds die eksamen voltooi het, moet nagesien wees en die puntetaal moet beskikbaar wees
 - Die moderator sal party van die items hermerk.
 - 'n Aparte stel assesseringsinstrumente vir die moderator om te gebruik, met die name en eksamennommers van die leerders reeds op die puntetaal geskryf.
- Die moderator sal die leerders onafhanklik assesser terwyl hulle die eksamen uitvoer en die items tydens evaluering nasien. Agterna sal die moderator sy/haar assessering met die assessering van die onderwyser vergelyk.
- As die moderator vind dat die onderwyser se punte betekenisvol verskil van sy/haar punte, sal 'n blokaanpassing gemaak word. 'n Blokaanpassing kan ook gemaak word as die moderator bevind dat die praktiese eksamen van die skool nie van die verwagte standaard is nie. Die moderator sal dit met die onderwyser bespreek. Die finale gemodereerde punte moet dan op die gerekenariseerde puntetaal ingevul word.
- Die punte van die vorige groep leerders sal ook in ag geneem word as 'n blokaanpassing gemaak word.

NSS (Produksie van Kleding- en Sagte Meublement-items)

VAARDIGHEIDSKODE VIR TEGNIEKE WAT IN KLEDING- EN SAGTEMEUBLEMENTPRODUKSIE GEBRUIK WORD

- Gebruik die volgende vaardigheidskodegewigswaardes om die puntestate vir die PAT asook vir die weeklikse praktiese klasse te ontwikkel.
- Die vaardigheidskode dui die gewigswaarde asook die punte vir die tegnieke aan.
- Die punte vir 'n spesifieke tegniek moet slegs EEN keer toegeken word.
- Die onderwyser kan 'n tegniek wat nie hieronder genoem word, byvoeg nadat dit met die vakadviseur bespreek is.
- Die onderwyser en vakadviseur moet dan op die puntetoekenning vir die nuwe tegniek besluit.

Uitlê en sny vanaf kommersiële patroon (24÷2 = 12)	12	Uitlê en sny vanaf mate, geen patroon	15
• Materiaal korrek gevou	3	• Materiaal korrek gevou	3
• Patroon op lengtedraad van materiaal geplaas	3	• Mates akkuraat op materiaal gemerk	5
• Alle relevante stukke op vou geplaas	3	• Reguit draadrigting van materiaal korrek gebruik	3
• Patroondele korrek op materiaal vasgespeld	4	• Reguit snywerk	4
• Reguit geknip op snylyne	4	Rits	15
• Kepies akkuraat geknip	3	• Naattoelating korrek en egalige breedte	3
• Patroonmerke	5	• Naatafwerking	3
Pylate	10	• Sit rits in: stik korrekte breedte vanaf rits	3
• Stik van wyd na nou	3	• Hoeke onderaan rits netjies en hoekig	3
• Reguit stikwerk	2	• Hoeke boaan rits netjies en hoekig	3
• Pars afwaarts of na die middel toe	2	Passende hoeke	10
• Knoop drade by smal punt en werk weg	3	• Meet en sny	3
Oop- of toe enkelnate met 'n afwerking	10	• Stik naat en maak hoeke	2
• Reguit stiksels/egalige ronding en hoek korrek	3	• Voltooi naat	2
• Naattoelatings korrek en egalige breedte	3	• Heg rek aan	3
• Naatafwerking	4	Gebruik van Velcro as vasmaakmiddel	5
Gefatsoeneerde belegsels (vir openinge soos mousgat of neklyn)	20	Vasmaakmiddels: lussie en hakie/knoop	5
• Berei belegsels voor en ryg aan opening vas	3	• Lussie	3
• Heg belegsels aan	4	• Hakie/Knoop	2
• Belegsels lê plat en pas netjies in opening in	3	Knope en knoopsgate	10
• Naattoelating binne korrek uitgedun, onderstiksel	4	• Knoopsgate: grootte dieselfde	4
• Belegselsbreedte egalig	2	• Voorkoms	4
• Afwerking van belegselsrande	2	• Werk knope aan	2
• Belegsels vasgeheg aan skouers/synate	2	Skuinsband	20
Maak en aanheg van kraag	20	• Knip skuinsstroke	4
• Berei kraag voor voordat gestik voor (ryg dele aanmekaar)	3	• Las skuinsstroke	4
• Kraagrand glad/gelyk gestik, dus egalige rande en/of skerp hoeke/punte	3	• Heg omboorsel aan vir randafwerking	
• Albei kante dieselfde	2	○ Korrekte en egalige breedte	4
• Naattoelating binne kraag korrek uitgedun	3	○ Lê plat en gelyk	4
• Rand van kraag ondergestik, geryg en gestryk	3	○ Masjien- of handgestik	4
• Heg kraag aan kledingstuk: pas behoorlik	3	Skuinsomboorsel	20
• Naat egalig gestik, en naattoelating korrek uitgedun	3	• Knip skuinsstroke	4
Maak en insit van moue	15	• Las skuinsstroke	4
• Ingeplooi of ingeryg (3 rye) rondom boonste rand	4	• Maak omboorsel	5
• Moue pas netjies in mousgate in	5	• Insit van omboorsel in naat	7
• Alle nate en naattoelatings is netjies	3	Some	8
• Mousoom	3	• Oral egalige en korrekte breedte	2
Frilletjies	20	• Lê plat, geen plooië/rygsels aan regterkant	2
• Nate: smal, ewe groot, netjiese stiksel	4	• Netjies, reguitstiksel/netjies met hand gewerk	2
• Korrekte steeklengte vir inryg	2	• Korrekte steeklengte/korrekt handgewerk	2
• 2/3 rye inrygsteke	3	Smal enkelnate	8
• Rygsplouie egalig versprei	3	• Egalig en korrekte breedte	2
• Heg frilletjie aan artikel	3	• Netjies omgekap ('overlocked')	2
• Reguitstiksel in middel van rygstiksel	3	• Netjies oorgevou	2
• Naatafwerking	2	• Netjies gestik	2
Bande (sakke)	10	Versiering (3–5 handborduursteke)	10
• Ryg en stik	2	• Goeie ontwerp, geskik vir item	3
• Draai (omdoop), ryg en bo-op stik	4	• Goeie keuse van kleure	3
• Heg	2	• Borduursteke – vakmanskap	4
Voering	6	Kwiltwerk	20
• Meet om artikel te pas	2	• Opmekaarsit van boonste-, tussenlaag en voering	5
• Heg aan artikel	2	• Ryg die drie lae	5
• Stikwerk waar nodig	2	• Merk stiklyne	5
Bo-op gestikte sak	10	• Akkurate stikwerk	5
• Vorm van sak, grootte en some	4		
• Korrekte posisie op kledingstuk	2		
• Vasstik van sak aan item	4		

ONDERWYSERBEPLANNING: GRAAD 12 PRAKTIESE EKSAMEN 2 KWARTAAL 3
(Oorhandig aan Vakadviseur vir moderering gedurende week 1 van kwartaal 2)

Naam van skool:
Naam van onderwyser:
Datum en tyd van eksamen:

TOETSE VIR PRAKTIESE EKSAMENS GRAAD 12
(Heg kopieë van patrone en instruksieblaai aan)

Uitlê en knip	
Tegnieke	Gewigswaarde
Totaal:	

Eksamen 1	
Tegnieke	Gewigswaarde
Totaal:	

Eksamen 2	
Tegnieke	Gewigswaarde
Totaal:	

VOORBEELDE VAN ONDERWYSERBEPLANNING VIR AANKOPE

Totale getal leerders	Groep	Getal leerders per groep	Datums	Tyd
25	1	8	10/09/2013	08:00–11:00
	2	8	10/09/2013	12:30–15:30
	3	7	11/09/2013	08:00–11:00

Eksamen	Benodighede per leerder:		Getal leerders	Totaal
1	Polikatoen	1 meter	12	12 meter
	Garing	1 tolletjie		12 tolletjies
	Patroon	1		12 patrone
	Vilene	0,50 m		6 meter
	Ryggaring	1		12 tolletjies
	Rits	1		12 ritse

ONDERWYSER SE INKOPIELYS

Benodighede	Hoeveelheid
Polikatoen	12 meter
Garing	12 tolletjies
Patroon	12 patrone
Vilene	6 meter
Ryggaring	12 tolletjies
Rits	12 ritse

Geraamde koste van inkopielys:

GERAAMDE KOSTE PER LEERDER:

**KONTROLELYS
VERBRUIKERSTUDIES
(PRODUKSIE VAN KLEDING- EN SAGTEMEUBLEMENTITEMS)
PAT 2013**

SKOOL: ONDERWYSER:

SKOOLHOOF:.....

Datums van PAT	Voorgestelde modereringsdatum	Datum voorgelê

KRITERIA	JA/NEE	KOMMENTAAR DEUR MODERATOR
Item(s) vir die Praktiese Assesseringstaak		
'n Illustrasie van die item(s)/ fotokopie van patroonkoevert		
'n Kopie van die instruksieblad wat aan leerders gegee sal word		
'n Puntetaal om die gewigswaarde van die tegnieke en die puntetoekenning aan te dui		
Lys van aankope		
Geraamde koste per leerder		

Handtekeninge:

ONDERWYSER: **DATUM:**

SKOOLHOOF: **DATUM:**

MODERATOR: **DATUM:**

VOORBEELD VAN 'N PUNTESTAAT

PUNTESTAAT VIR SAK GRAAD 12			1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
	Leerders											
1.	Uitlê en sny (vooraf gedoen) 40÷2=20	20										
	Materiaal korrek gevou	4										
	Patroonstukke op lengtedraad van materiaal	3										
	Alle relevant stukke op vou geplaas	3										
	Vassteek van patroonstukke op materiaal	4										
	Reguit knip op snylyne	4										
	Knip van voering	3										
	Knip van tussenbelegsel	3										
	Ryg van tussenbelegsel aan materiaal	3										
	Patroonmerke	5										
		20										
TAAK 1 Kwartaal 2 (3 uur)												
2.	Stik van sak	15										
	Konstruksie van sak: nate, inknip van hoeke en kurwes, omkeer, ryg	5										
	Korrekte posisionering op sak	2										
	Stikwerk om sak aan sak vas te werk	3										
	Vorm van sak na voltooiing	3										
3.	Rits	15										
	Rits op regte plek ingesit	4										
	Stikwerk om rits in te sit: reguitstikwerk, geen plooië	5										
	Korrekte breedte vanaf rits	3										
	Nate aan beide kante van rits netjies, egalig, geen plooië	3										
TOTAAL TAAK 1		50										
TAAK 2 Kwartaal 3 (3 uur)		12										
	Reguit stikwerk	2										
	Naattoelatings korrek en ewe breed	3										
	Onderste hoeke	5										
	Pars nate oop	2										
5.	Voering	15										
	Stikwerk en ooppars van voeringnate	3										
	Handwerk van voering aan rits	10										
	Voeringnate aan beide kante van rits netjies, geen plooië	2										
6.	Band	13										
	Egalige breedte	3										
	Bo-op stiksel en parswerk	5										
	Heg band aan sak	5										
7.	3–5 handborduursteeke op sak	10										
	Goeie ontwerp en keuse van kleure, geskik vir sak	4										
	Borduurwerk: korrek en netjies	6										
TOTAAL TAAK 2		50										